

# KOERSVAS

Jaargang 2    Uitgawe 32  31 Januarie 2014

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrogkies

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### E-tol en gehoorsaamheid

Die stof wil maar net nie gaan lê oor die e-tol sisteem nie. Dit is nogal opmerklik dat Christene onderling so van mekaar kan verskil oor die sisteem en oor betaling al dan nie. Sommige gelowiges wil liefs geen woord oor die saak rep nie, hulle wil nie polities ongedienstig klink nie, ander weer sprak geen sprook omdat kerk kwansuis geen woord oor 'n sisteem mag spreek nie. Diegene wat wel in eie geledere bemoeienis maak met die saak, is in twee verdeel: Die wat voel dat burgerlike ongehoorsaamheid ten opsigte hiervan regverdigbaar is en diegene wat voel die keiser moet gegee word wat die keiser toekom.

Sekere burgerlike organisasies moedig burgers aan om nie te betaal nie, maar wel op so 'n manier dat hulle ontken dat hulle ongehoorsaamheid aanmoedig. Daar is selfs regsfirms wat bereid is om gratis op te tree vir iemand wat oor wanbetaling gedagvaar word.

Die saak is, soos enige ander saak van ons tyd, kompleks en moet met omsigtigheid benader word. Enige teologiese perspektief sal onder andere rekening moet hou met die uitspraak in Romeine 14:22,23; *Laat jou oortuiging hieroor 'n saak tussen jou en God wees. Gelukkig is die man wat hom nie hoef te verwyt oor wat hy hom veroorloof nie. As iemand egter twyfel en tog eet, is hy klaar veroordeel omdat hy dit nie uit*



*geloofsoortuiging doen nie. En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde.*

Daar is geen teksvers wat verwys na e-tol as sodanig nie. Die staat is in 'n totaal ander bedeling as die Romeinse ryk van 2000 jaar gelede. Dit sal 'n onderstebo benadering van tyd wees om die verwysings na tollenaars te wil toepas op ons hedendaagse oorpad-rowerspelonke. Daar is tog 'n paar kritiese opmerkings wat gemaak kan word.

Die hoë vlakke van belasting wat in die RSA hoogty vier, plaas druk op alle dele van die ekonomie. Die vermoede bestaan dat daar meer geduld sou wees met SARS indien die geld aangewend word vir die doel waarvoor dit ingesamel word. Die vele verslae oor korruksie en byvoorbeeld die swembadbrandblusser van Nkandla duï op die teendeel.

Die gebruik van tolgeld om paaie in stand te hou, sou eweneens geduld gekweek het. Die feit dat die land se paaie amper daagliks lewens eis weens die slaggate op paaie wat nie in stand gehou word nie, is genoeg bewys dat die geld nie reg bestee word nie. Die belastingheffing op die brandstofprys is opsigself genoeg om beter padoppevlaktes te verseker. Lees daar mee saam dat tot veertig persent (40%) van die inkomste van e-tol in Oosteryk opeindig, en die gevaeligste flikker. Skielik word e-tol op nog 'n vlak 'n onregverdig, gewetenlose onderdrukking van landsburgers. Geld wat gebruik kan

word om 'n sukkelende ekonomiese situasie aan die gang te kry, beland op die balansstaat van 'n buitelandse instansie.

Die argument dat e-tol betaal moet word omdat dit wet is, hou nie tred daarmee dat hierdie wet gebruik word om sekere mense te verryk nie, mense wat nie eens in die suidelike halfmond lewe nie. Beskerm die staat uitbuiting met wetgewing?

Die onregverdigheid rondom e-tol kring ook wyer uit. Die kompetenterende taxi-bedryf word vrygestel. Dit terwyl taxi-eienaars met geweld lonende roetes beskerm. Daar is ander sake sektore wat die vrystelling eerder nodig het, maar die rassekaart is reeds weer gespeel.

'n Laaste punt om te maak, is dat die regopposisie van e-tol nog nie getoets is nie. Daar is vele bewerings dat die sisteem onregmatig ingestel is en meer mense wat glo dat dit nie die grondwettoaftrek gaan deurstaan nie.

Burgers moet self kies waar hulle oor die saak staan. Dit het dalk tyd geword dat die bevolking die ruggraat gaan haal daar waar hulle dit agtergelaat het.

## NUUSBROKKIES

- Die GHG bestaan nou uit 30 gemeentes. Oostelike Pietersburg het verlede week die dertigste gemeente geword wat besluit het om as onafhanklike gemeente te funksioneer.

- Die hofsaak rakende Koster se eiendom is uitgestel (die agterbly gemeente van skraps 10 lidmate eis mos die eiendom wat wettig oorgedra is).

- Die hofsaak van Tuine, Grootvlei en Theresapark is geskeduleer vir 10 Februarie. Ons regspan gaan amptelik aansoek doen om uitstel. Die NHKA wil nie die vergunning maak nie. Die rede vir die aansoek om uitstel het te make met die ooreenkoms tot mediasie. Die NHKA ontken nou dat so 'n ooreenkoms bestaan. Ons regspan wil nou die hof versoek om mediasie af te dwing. Die regspan wil ook al die sake konsolideer en die NHKA se regspan staan die saak steeds teen.

- Behoudende ampdraers en lidmate in die NHKA het met skok en hartseer reageer op die UP Teologie Fakulteit en die HTS se besluit om die A.S. Geyser gedenklesings in te stel. Sover Koersvas kon vasstel, was die AKV se laaste besluit dat Geyser nie suiwer teologie doseer het nie. Na aanleiding van 'n hofbeslissing is hy herstel as dosent, maar het dit bedank en het hy saam met Beyers Naude 'n pad begin loop. Hoe kan enige persoon beweer dat die NHKA teologies steeds staan waar die kerk 10 jaar gelede gestaan het. Beide die fakulteit en die HTS word gedeeltelik deur heffingsgeld bekostig. (Lidmate en gemeentes subsidieer dus hierdie vryheid en niemand wil glo die NHKA het die pad buster geraak nie!) Van besware teen die besluit om die lesings in te stel, het dadels gekom. Dit is waarskynlik net eerlikheid deur die dosente om die vader van vryheid in die NHKA te vereer met 'n gedenklesing.

- Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in ons bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geoormerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff. U word versoek om alle vorige transaksies se besonderhede ook aan te stuur. [tomcases@lantic.net](mailto:tomcases@lantic.net).

## BANKBESONDERHEDE:

Naam: G H G (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)  
Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Takkode: 250 655

- Opleiding van ons predikante: Die Kuratorium het op hulle vergadering van 30 Januarie na deeglike navorsing en behoorlike onderhandeling, besluit om by die Bondsvergadering aan te beveel dat daar met die APA (Afrikaanse Protestantse Akademie) 'n ooreenkoms aangegaan word. 'n Komitee sal die kontrak met die APA onderhandel vir goedkeuring in Junie 2014.

## KENNISGEWINGS

- Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: "Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." In dieselfde asem bevestig die Heidelbergse Kategismus in Vraag en Antwoord 21 die waarde van ons kennis van die Woord van God as ons hoor dat ware geloof ook 'n vasstaande kennis van die Woord is. Met dit in gedagte word u aangemoedig om in u gemeente en selfs in ringsverband aandag te skenk aan die Bybelvasvrae. Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. **Bestek: Die brieve van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes) Heidelbergse Kategismus-Sondag 1 tot 8. Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.**
- **Jeugbediening:** Studente en werkende jongmense van Onafhanklike gemeentes wat die huis verlaat het en elders woonagtig is: Ons wil graag ons kinders, jongmense en werkende jeug wat buite ons gemeentegrense moet gaan werk en studeer, steeds getrou bedien.

Stuur asseblief so gou moontlik vir ons die name, telefoonnummers, e-posadresse en inligting van waar u kinders gaan woon en kerk bywoon na: [zyvetto@gmail.com](mailto:zyvetto@gmail.com).

- **Baie dankie vir u ondersteuning van Lewensbrood.** Daar is nog net 25 eksemplare beskikbaar. Skakel met Annetjie Joubert by 082 921 8200.

## DRUKWERK

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

Na aanleiding van 'n versoek deur verskeie nuwe gemeentes verskaf ons die volgende inligting met betrekking tot drukwerk. Geen gemeente staan onder die verpligting om hierdie drukker te gebruik nie, maar ons kan u verseker dat u dit nie maklik beter en goedkoper gedoen gaan kry nie. Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

Stuur asb. u kennisgewings en nuusbrokkies na [otto@telkomsa.net](mailto:otto@telkomsa.net) of na [admin@steenshervormers.co.za](mailto:admin@steenshervormers.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.